

## Thesise / Theses 2007

### **Lize-Mari Hitga- *The Dog Sat On The Blog : An Overview Of How The Weblog Medium Can Be Used In Education***

**Abstract:** Globally weblogs have burgeoned since their development in the late nineties. The phenomenon has demystified the technical side of online publishing, allowing individuals without specialised knowledge to create and update their own websites. Weblogs are already used in a number of professional sectors such as journalism, marketing, politics and now also education. This study is approached from a uses and gratifications framework and provides a broad overview of the emergence, structure, applications, pitfalls and future of blogs in education. Weblogs are also investigated in relation to other social software tools and learning theories.

**Opsomming:** Die gebruik van webjoernale wêreldwyd het gebloei sedert die verskynsel in die laat negentigs ontwikkel het. Dit is nou moontlik om webwerwe te skep en in stand te hou sonder 'n gespesialiseerde kennis van programmering. Webjoernale het reeds 'n impak gemaak op 'n verskeidenheid professionele sektore soos joernalistiek, bemaking, politiek en nou ook die opvoedkunde. Hierdie studie word aangepak vanuit 'n gebruike -en gratifikasie-raamwerk en ondersoek webjoernale in die opvoedkunde. Die opdrag gee 'n wye oorsig oor die ontwikkeling, struktuur, gebruike, hindernisse en toekoms van webjoernale in opvoedkundige omgewings. Aandag word ook gegee daaraan om webjoernale te ondersoek in verhouding tot ander sosiale sagteware en leerteorieë.

**Link:** <http://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/20880>

---

### **Pia Nanny- *Vooruitsigte Van Die Afrikaanse Tydskrifmark : Die Lewenskragtigheid Van Afrikaans, En Hoe Dit Manifesteer In Die Lewenskragtigheid Van Afrikaanse Tydskrifte Oor Die Korttermyn***

**Abstract:** After South Africa's transition to democracy in 1994, many Afrikaans-speaking people were worried that their language might not survive, especially in a country where English became the accepted lingua franca. However, since 1999 a large number of Afrikaans magazines have entered the market. Publishers and marketers have realized the magazine-reading Afrikaans market is affluent and willing to use their spending power to read their language. Contrary to Afrikaans, the other indigenous languages have not proven themselves to be as marketable. Even though these languages are spoken by the biggest part of the South African population, they are mainly used in the speakers' private spheres. In a country where most Afrikaans speaking people are bilingual and many South Africans are able to understand English, the question is: Why has Afrikaans not followed the same route as the other indigenous languages, and might it still go that way if its future is left to be determined by market influences? The focus of this study is on the origin and the development of the Afrikaans publishing market, with specific emphasis on magazines. Afrikaans' position in the community

and the economy of the Afrikaans magazine market will also be discussed. The study aims to answer the question: Is it still economically viable to publish in Afrikaans and what are the Afrikaans magazine publishing market's prospects for the next five to ten years. The researcher comes to the conclusion that it is still very profitable to publish Afrikaans magazines. A publication's success will be determined by whether it satisfies a need, whether it has a sound business model and whether advertisers are willing to use the publication as an advertising medium. It is up to magazines to convince advertisers to advertise in Afrikaans or to be willing to accept English ads. The less affluent Afrikaans-speaking market could be considered a future market for magazine publishers.

**Opsomming:** Kort ná Suid-Afrika se oorgang na demokrasie in 1994 het onder Afrikaanssprekendes kommer ontstaan dat hul taal sou verdwyn, veral toe Engels as die algemene gebruikstaal in die openbare sfeer na vore getree het. Die getal Afrikaanse tydskrifte op die Suid-Afrikaanse mark het egter sedert 1999 toegeneem. Uitgewers en bemarkers het besef die Afrikaanssprekende tydskrifmark is welvarend en Afrikaanssprekendes is bereid om hul koopkrag te gebruik om hul te taal te lees. In teenstelling met Afrikaans het die ander inheemse tale nie dieselfde bemarkbaarheid getoon nie. Hoewel die tale 'n aansienlike moedertaalbasis het, word dit grotendeels in die sprekers se private sfere gebruik. In 'n land waar die meeste Afrikaanssprekendes tweetalig is en 'n groot persentasie van die bevolking Engels magtig is, is die vraag waarom Afrikaans nie dieselfde roete gevolg het as die ander inheemse tale nie en of dit dalk nog daardie roete sal volg indien sy voortbestaan aan markkragte oorgelaat word. Die fokus van hierdie navorsing is op die Afrikaanse tydskrifbedryf – die ontwikkeling en groei van die Afrikaanse tydskrifmark en die ontstaan van nuwe Afrikaanse titels. Die fokus is dus terselfdertyd onvermydelik ook op Afrikaans se posisie in die samelewing. Laastens is die fokus op die ekonomie van die Afrikaanse tydskrifbedryf. Dit is steeds 'n sake-onderneming, en moet dus winsgewend wees. Die studie wil dus vasstel watter faktore 'n rol speel in die lewenskragtigheid van die Afrikaanse uitgewersbedryf. Die sentrale navorsingsvraag is: Is dit steeds ekonomies lewensvatbaar om in Afrikaans te publiseer, en wat is die Afrikaanse uitgewersmark se vooruitsigte vir die volgende vyf tot tien jaar? Die studie kom tot die gevolgtrekking dat dit tans baie voordelig is om in Afrikaans te publiseer. 'n Publikasie se oorlewing sal egter afhang van of dit 'n behoefte onder lesers bevredig, van 'n goeie sakemodel en veral die bereidwilligheid van adverteerders om die tydskrif as advertensiemedium te gebruik. Die onus rus op die tydskrifbedryf om óf die adverteerders te oortuig om Afrikaanse kopie te skep óf bereid te wees om ter wille van die ekonomiese oorlewing van die produk Engelse advertensies te aanvaar. Die studie bevind ook dat die minder welvarende Afrikaanssprekende bevolking as 'n toekomstige mark beskou kan word en tydskrifte kan daar moontlik na die sukses van koerante kyk.

**Link:** <http://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/20883>

---

## **Theophilus Mamnkeli Ngam- *Media As Agenda Setters : A Study Of The Infected And Affected Living With Hiv/Aids***

**Abstract:** The media, in its ongoing task to inform and educate South Africans, seemingly set the agenda in such a way that depicts poor black African people as the only racial group that is affected and infected by HIV/Aids. Photographs of poor black Africans are also used to inform and educate the public about the pandemic. In short, the media has set an agenda that has given HIV/Aids a black African face: vulnerable, helpless and living in squalid conditions. The hypothesis of this research is that it is racial stereotyping of poor black Africans, and that it is perpetuated by the Daily Dispatch and other media. It is also important to note that the voices of the affected and infected are not prominent in news reports about the pandemic. Their stories are either told by the journalists themselves or someone else as a spokesperson. The media must begin to give space to the heroes and heroines who are affected and infected by the HIV/Aids pandemic to tell their stories in their own words. Qualitative content analysis of the Daily Dispatch from 1 to 31 December 2004 was conducted. News stories, photographs, headlines and captions were analysed. This analysis shows that the voices of the affected and infected are still lacking in news reports and that poor black African people are used as the only visuals in HIV/Aids news stories. This study recommends that more attention should be given to upholding and respecting the rights of the affected and infected by the disease. The media should also allow their voices to be heard, not through spokespeople, but from their own mouths.

**Opsomming:** Dit lyk of die media in sy voortgaande taak om Suid-Afrikaners in te lig en op te voed, die agenda op so 'n manier stel dat dit arm swart Afrikane as die enigste rassegroep voorstel wat deur MIV/Vigs geaffekteer en geïnfekteer word. Foto's van arm swart Afrikane word ook gebruik om die publiek oor die pandemie in te lig en op te voed. In 't kort, die media het 'n agenda gestel wat MIV/Vigs 'n swart, Afrika-gesig gee: een wat arm, ontvanklik en hulpeloos is, en wat in haglike toestande leef. Die hipotese van hierdie navorsing berus daarop dat dit rassestereotipering is van arm swart Afrikane, en dat die Daily Dispatch en ander media dit perpetueer. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die stemme van die geaffekteerde en geïnfekteerde nie so prominent in nuusberige oor die pandemie is nie. Hul stories word vertel deur die joernaliste self, of iemand anders wat 'n segspersoon is. Die media moet begin om hierdie helde en heldinne wat deur die siekte geaffekteer en geïnfekteer is, self hul storie te laat vertel, in hul eie woorde. Kwalitatiewe inhoudsanalise van die Daily Dispatch van 1 tot 31 Desember 2004 is uitgevoer. Nuusstories, foto's, opskrifte en onderskrifte is geanaliseer. Hierdie analise toon dat die stemme van die geaffekteerde en geïnfekteerde steeds in ons nuusberigte ontbreek en dat arm swart Afrikane die enigste visuele onderwerpe in MIV-Vigs nuusstories is. Hierdie studie beveel aan dat meer aandag gegee moet word om die regte van die geaffekteerde en geïnfekteerde te bewaar en te respekteer. Die media moet ook toelaat dat diegene se stemme gehoor word, nie deur segspersone nie, maar uit hul eie monde.

**Link:** <http://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/20884>

---

## **F. J. Robinson- *The Feasibility Of Regional Television (Rtv) In South Africa : A Study Of The Official Process Towards The Issuing Of Licenses For Rtv And Subsequent Developments***

**Abstract:** This is a qualitative study on the question whether regional television can be feasible in South Africa with particular reference to the official process to introduce regional television (RTV), the various reports and opinions on the subject, new technological developments and the exploration of alternatives. It is an effort to make a contribution towards the debate about how the public broadcaster can deliver better dedicated services to the diverse language groups of the country wherever they live, while also keeping pace with the challenges of an ever changing global digital world. The study indicated that various public broadcasters internationally struggled to find a financially viable model for regional television to serve diverse communities. The general option was the use of “windows” – specific limited time allocated on national networks for regional break-aways. Yet, increasingly technology provided answers but still at a relative expensive fee for the average citizen. In South Africa the windows model was implemented for a limited period between 1996 and 2003. It was discontinued because of lack of financial support from the state. The researcher indicates how the process to implement regional television already started with transformation envisaged in the Independent Broadcasting Authority Act of 1993 through to the Broadcast Amendment Act of 2003 instructing the SABC to apply within nine months to the Independent Broadcasting Authority of South Africa (ICASA) for regional licenses that “should reflect the diversity of all sections of the population and represent the plurality of views and opinions of the audience” (ICASA, 2003a:11). ICASA published its Discussion Paper on Regional Television in September 2003 inviting comments while emphasizing the importance of serving the various language groups and providing local content. It recognised the problems concerning funding. Its Position Paper was released in November 2003. ICASA clearly took the view that the introduction of regional services in the various (especially marginalised) languages were imperative and that it had to be offered to the exclusion of English. The state had to fund the services while advertising would not be permitted. The study was approached within the framework of normative mass media theories, and in particular the developmental theory. Through content analysis the ICASA documents and the SABC’s application for RTV in December 2003 was assessed and the stark points of difference indicated, such as the use of English, local content (especially drama) and advertising income. By using the methodology of in-depth interviews and a social survey based on a structured questionnaire more information and perspective was gained. In its application for regional television the SABC suggested two channels for 10 indigenous languages in the nine provinces delivered through the outdated but cheaper analogue technology. Throughout 2004 ICASA and the SABC communicated in letters and at hearings to resolve differences without much success. The SABC’s main concerns remained funding and the lack of capacity and skills to offer the services required. ICASA decided in June 2005 to grant the SABC two regional licenses without issuing it until the funding issue could be resolved with the state. It relented to allow some advertising but remained opposed to the use of English. Towards the end of the study the researcher gives an overview of the fast developing international trends in digital broadcasting. Various options to serve regional communities are offered. News reports on international trends and the opinions of experts are then related to the situation in South

Africa. One conclusion is that the state and the country would have to weigh up the cost of subsidising regional television to other pressing social needs of citizens. It appeared that the cost would be too high in the short term. Preparations for the staging of the 2010 Soccer World Cup in South Africa might lay the foundation for more sophisticated and affordable services later.

**Opsomming:** Hierdie is 'n kwalitatiewe studie van die proses om streekstelevisie in Suid-Afrika in te stel, 'n bespreking van die verskillende verslae en menings oor die onderwerp, nuwe tegnologiese ontwikkelings en die oorweging van alternatiewe. Dit is 'n poging om 'n bydrae te maak tot die debat oor hoe die openbare uitsaaier beter en meer toegewyde dienste kan lewer aan die verskillende taalgroepe in die land, waar hulle woon. Terselfdertyd moet ook tred gehou word met die uitdagings van 'n steeds veranderende internasionale digitale wêreld. Die studie dui aan dat openbare uitsaaiers wêreldwyd sukkel om 'n lewensvatbare finansiële model vir die lewering van streekstelevisie aan verskillende gemeenskappe te vind. Die algemene keuse was die gebruik van "vensters" – dit is die toekenning van beperkte spesifieke tydsgleuwe op nasionale netwerke vir streekuitsendings. Tog begin tegnologie al hoe meer antwoorde verskaf, maar nog steeds teen redelike duur tariewe vir die deursnee-burger. Die venster-model van streekstelevisie is vir 'n beperkte tyd van 1996 tot 2003 in Suid-Afrika toegepas. Dit is gestaak weens gebrek aan geldelike ondersteuning van die staat. Die navorser dui aan hoe die proses om streekstelevisie in te stel reeds begin het met die transformasie wat in die vooruitsig gestel is in die Wet op die Onafhanklike Uitsaai-Owerheid van 1993. Dit het later gelei tot die Uitsaai-Wysigingswetsonwerp van 2003. Daarin is die SAUK beveel om binne nege maande by die Onafhanklike Kommunikasie-Owerheid van Suid-Afrika (algemeen bekend as ICASA) om lisensies aansoek te doen vir streekstelevisie wat "die diversiteit van alle seksies van die samelewing sal reflekteer en die verskillende sienings en menings van die gehoor verteenwoordig" (ICASA, 2003a:11). ICASA het sy Besprekingsdokument oor Streekstelevisie in September 2003 gepubliseer. Daarin is klem gelê op die belangrikheid van dienslewering aan die verskillende taalgroepe en die lewering van plaaslike inhoud. Die kommentaar van belanghebbendes is gevra. In die dokument het ICASA erkenning gegee aan die struikelblokke rakende befondsing. ICASA se Standpuntdokument is in November 2003 vrygestel. ICASA het onomwonde verklaar dat die lewering van dienste aan die verskillende (maar veral aan die gemarginaliseerde) taalgemeenskappe voorkeur moes geniet en dat Engels uitgesluit moes word. Die staat sou die dienste moes finansier terwyl advertensies nie toegelaat sou word nie. Die ondersoek is benader binne die raamwerk van die normatiewe teorieë van massamedia kommunikasie en veral die ontwikkelingsteorie. Deur inhouds-analise het die navorser 'n omvattende ontleding gedoen van die ICASA dokumente en van die SAUK se aansoek vir streekstelevisie. Die aansoek is in Desember 2003 by ICASA ingedien. Die skerp verskil met ICASA is uitgewys, naamlik die gebruik van Engels in die dienste, die lewering van plaaslike inhoud (veral drama) en oor advertensie-inkomste. Die navorser het die metode van diepteonderhoude en 'n openbare menings-ondersoek, gegrond op 'n gestruktureerde vraelys, gebruik om meer inligting en perspektiewe te bekom. Die SAUK het twee kanale vir streekstelevisie voorgestel vir die tien inheemse tale in die nege provinsies. Dit sou gelewer word met die goedkoper, maar uitgediende analog-tegnologie. In 2004 het ICASA en die SAUK deurlopend gekommunikeer in briewe en by openbare verhore in 'n poging om verskille te

oorbrug, maar sonder veel sukses. Deurgaans was die SAUK bekommerd oor die kwessie van befondsing en die beskikbaarheid van bronne en vaardighede om sulke dienste aan te bied. ICASA het in Junie 2005 besluit om twee lisensies vir streekstelevisie aan die SAUK toe te ken, maar dit is nie uitgereik nie, hangende duidelikheid oor finansiering van die staat. Die owerheid het skiet gegee oor die geskil rondom advertensies, maar voet by stuk gehou dat Engelse uitsendings nie toegelaat sou word nie. Aan die einde van die studie gee die navorser 'n oorsig van die vinnig ontwikkelende internasionale digitale tegnologiese tendense in die uitsaaiwese en die moontlikhede wat dit vir streeksgemeenskappe bied. Nuusberigte oor internasionale ontwikkelings en die menings van deskundiges word in verband gebring met streekstelevisie in Suid-Afrika. Een gevolgtrekking is dat die land die koste van subsidies vir streekstelevisiedienste sal moet opweeg teen die dringende maatskaplike behoeftes van burgers. Die het geblyk dat sulke subsidies te duur sou wees in die korter termyn. Voorbereidings vir die aanbied van die Wêreldbeker Sokkertoernooi in 2010 kan die basis skep om later wel meer gesofistikeerde en bekostigbare streeksdienste te lewer.

Link: <http://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/19648>

---

**Bryan David Silke- *The Framing Of The Coverage Of The Gaza Withdrawal By Israeli Forces In The Cape Times, Mail & Guardian And Sunday Times From July 1, 2005 To September 12, 2005***

**Abstract:** The Israeli-Palestinian conflict cannot be classified as an isolated conflict. Today's clashes were not triggered by a single event, but rather are as a result of thousands of years of violent and at times restrained disagreements about the rights of Jews, Muslims and other ethnic groups to the disputed land known collectively today as Israel and the Palestinian Territories. This study examines the media coverage of one event during the conflict, i.e. the withdrawal by Israeli settlers from the Gaza area. The study tracks coverage over ten weeks in the South African media context, specifically the Mail & Guardian, Cape Times and the Sunday Times – a media setting in itself highly diverse and compelling. Using a qualitative framing analysis as the central methodology, the study focused on six core frames in analysing all articles/reports relating to the Gaza withdrawal. In addition, the editors of the respective newspapers were interviewed to complement the textual analysis. The methodological approach addressed how each story was packaged and presented, and then questioned why certain frames dominated and others did not. The study found that conflict (a combination of violent and non-violent) was the dominant frame chosen. Consequences and Attribution of Responsibility were the next two most prominent frames. Both these frames were found to apportion blame to a particular side in presenting the news reports and when providing comment. Whilst all three newspapers argued that they practiced a balanced coverage, it was this perceived “balance” in using several different frames of presentation that neglected a key “historical” frame. This lack of historical context was one of the key results of the other frames being so dominant.

**Opsomming:** Die konflik tussen Israel en Palestina kan nie gesien word as 'n geïsoleerde konflik nie. Die huidige konflik is nie veroorsaak deur 'n enkele gebeurtenis nie, maar spruit uit

die voortslepende geweld tussen Jode, Moslems en ander etniese groepe wat reeds duisende jare lank duur, as gevolg van betwiste aansprake op die grondgebied gesamentlik bekend as Israel en die Palestynse grondgebied. Dié studie ondersoek die mediadekking van een gebeurtenis in die konflik, naamlik die onttrekking van Israeli setlaars in die Gaza-gebied. Die studie volg mediadekking oor tien weke deur drie Suid-Afrikaanse publikasies, Mail & Guardian, Cape Times en Sunday Times. Met behulp van kwalitatiewe raming-analise as die sentrale metodologie, konsentreer dié studie op ses rame in die analise van artikels, wat verband hou met die onttrekking uit die Gasastrook. Die navorsing word aangevul met onderhoude met die redakteurs van die koerante. Die metodologie is toegespits op die manier waarop die stories verpak en aangebied word, en bevraagteken waarom sekere raamwerke oorheers en ander van minder belang is. Die studie bevind dat Konflik ('n samestelling van gewelddadige en nie-gewelddadige konflik) die oorheersende raam was waarbinne artikels in dié tydperk aangebied is. Die Gevolge- en Toeskrywing van Verantwoordelikheid-rame kom ná konflik die meeste voor. By albei raamwerke word bevind dat skuld aan die een of ander kant toegeskryf word in die aanbiedeing van nuusverslae en wanneer kommentaar gelewer word. Hoewel al drie koerante volhou dat hulle gebalanseerde dekking aanbied, word 'n belangrike "historiese" raam in dié aanbiedeing verontagsaam as gevolg van die gebruik van verskeie rame om balans te bewerkstellig. Die gebrek aan 'n historiese konteks is een van die vernaamste gevolge van die oorheersing van die ander rame.

**Link:** <http://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/19867>

---